MISDAAD

Trekkerdiewe looi boere by Delmas

TREKKERDIEFSTAL by Delmas neem epidemiese proporsies aan. *Landbouweekblad* weet van ten minste agt boere by wie daar die afgelope twee jaar trekkers gesteel is. Van die trekkers het nog werktuie aangehaak gehad en dié is ook skoonveld.

Mnr. Tommie Olckers, produksiebestuurder by die Schoeman-boerdery op Delmas, sê daar is die afgelope tien jaar reeds nege trekkers by die boerdery gesteel. "Ons het wel vier daarvan ná 'n soektog teruggekry, maar een van die vier is wéér daarna gesteel," het hy gesê.

Van die trekkers wat teruggevind is, is op Chrissiesmeer, naby die grens van Swaziland, gevind. Olckers sê 'n private speurder wat deur die boerdery aangestel is om die diefstal te ondersoek, meen dat die trekkers na Suid-Afrika se buurlande gesmokkel word.

"In die begin was dit net die klein trekkers van 60 kW wat gesteel is, maar daar het nou 'n neiging onder die diewe begin posvat om spesifiek John Deere 6-reekstrekkers, soos die 6410, 6630 en selfs die groter 6930, te steel. Daar is tans twee soorte diewe by die misdaad betrokke, naamlik diegene wat plaaslik trekkers steel, die trekkers opkap en die onderdele verkoop en dan 'n sindikaat wat trekkers op bestelling steel, dit op 'n vragmotor laai en oor die grens neem," het Olckers gesê.

Dit is ook kommerwekkend dat dit lyk asof die polisie onwillig is om by die sake betrokke te raak.

"Dit is asof die diefstal nie gesien word as 'n ernstige misdaad nie omdat daar geen slagoffers by betrokke is nie," sê mnr. Brent Parrot, hoofbestuurder van die Schoeman-boerdery.

"Boonop is daar 'n probleem met mannekrag by plattelandse polisiekantore. Daarom het ons 'n private speurder aangestel om die diefstal te ondersoek," het hy gesê. - GERRIT BEZUIDENHOUT

MERIETEPRYSE

AKADEMIE VEREER TOPPRESTEERDERS

Die Kaap Agri Akademie op Porterville het in Oktober sertifikate oorhandig aan 23 studente wat die kursus suksesvol voltooi het. Die toppresteerders (met togas) was, van links, mnre. Edwin Duminy, Evan Matthews (merieteprys vir leierskap) en Otto Spangenberg (merieteprys vir vordering). By hulle is , van links, mnre. Shaun Walsh, besturende direkteur van Kaap Agri, Ernest Beck, hoof van BathoPele, prof. Johan van Rooyen, direkteur van die Standard Bank-sentrum vir landboubesigheidsontwikkeling en -leierskap aan die Universiteit Stellenbosch, en mnr. Barend Sulvester, senior bestuurder van landboudienste by Kaap Agri. *('n Berig oor die akademie se geldsake is op bl. 23.)* FOTO: AMELIA GENIS

LANDBOUNUUSBROKKIES

SOJABOONSAAD BYNA UITVERKOOP

Boere is vanjaar geesdriftig oor sojabone - soveel so dat bykans al die beskikbare saad reeds verkoop is.

Me. Marna Scheepers van die Oesskattingskomitee meen tot 20% meer sojabone gaan hierdie somer geplant word. Die afgelope seisoen se aanplantings van 502 900 ha was wel 13 600 ha minder as die vorige seisoen, maar die oes het 'n geskatte 944 340 ton beloop - 159 840 ton meer as verlede jaar se oes.

In 2007 het sojabone 7% van boere se aanplantings uitgemaak teenoor mielies. Nou is die verhouding 16% sojabone en 84% mielies.

Suid-Afrika se parsvermoë vir sojabone is sowat 2,1 miljoen ton per jaar. Die plaaslike produksie is nog minder as dit en die tekort word in die vorm van oliekoek vir dierevoeding ingevoer. Invoer is reeds tot 30% minder as 'n paar jaar gelede danksy die stygende produksie van sojabone.

Baie sojaprodukte word die laaste tyd uit Afrika-lande ingevoer. - CHARL VAN ROOYEN

BOERE KAN AAN PEN RY OOR SAADVERKOPE

Boere wat saad aan ander boere verkoop, oortree die wet en kan vervolg word. "Hulle soek vir 'n pak slae," het mnr. Willem Engelbrecht, voorsitter van die Vereniging vir Gewasproduksie, ondervoorsitter van die saadorganisasie Sansor en bestuurder vir agronomiese gewasse by Klein Karoo Saad, op 'n vergadering van die Sojaboonwerkgroep in Johannesburg gesê.

Hy het gereageer op 'n stelling deur mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting (PNS), dat saadmaatskappye nie genoeg saad produseer nie. "Skynbaar glo hulle nie ons vooruitskattings dat die verbouing van sojabone toeneem nie," het Scholtemeijer gesê.

Engelbrecht het gesê sommige saadmaatskappye moet soms saad as graan verkoop as die boere nie alles koop nie. Dit het verlede jaar gebeur toe boere eerder meer mielies geplant het omdat die mielieprys hoog was. Vanjaar is die mielieprys laag en wil meer boere sojabone plant.

Sommige boere hou ook 'n deel van hul oes terug om weer te plant en koop dan nie saad by maatskappye nie. Party boere verkoop selfs dié "saad" onwettiglik aan ander boere. Die ondersoek-onderneming Agri Inspec stel ondersoek in. Die oortreders sal aangekla word.

- CHARL VAN ROOYEN

WOLPRYS VOLG WÊRELDNEIGING

Die wolmark het verlede week die internasionale neiging gevolg weens moeilike vraagtoestande. Cape Wools se Merino-aanwyser het 2,5% verloor en op R109,20/kg (skoonwol) gesluit. Dit is 2,2% laer as op die openingsveiling en 1,2% laer teenoor die ooreenstemmende verkope van die vorige seisoen.

Op die Australiese mark het die aanwyser met 1,5% teruggesak.

Die mark het besluiteloos vertoon en trae bestellings van China het bygedra tot die laer pryse. Die swak aanbieding het ook aanleiding gegee tot sterk kompetisie vir goeie Merinowol met goeie treksterkte.

Plaaslike kopers is bekommerd dat die aanbiedings van swak wol in die komende weke sal voortduur.

Die gemiddelde skoonwolpryse vir goeie, lang kamwoltipes (MF5) was soos volg: 18 mikron daal met 2,7% tot R119,43/kg, 19 mikron verswak met 1,7% tot R114,41/kg, 20 mikron daal met 2,2% en sluit op R109,43/kg, 21 mikron verswak met 2,8% en sluit op R108,08/kg en 22 mikron daal met 0,2% tot R107,98/kg.

Die volgende veiling is op 5 November wanneer sowat 11 900 bale aangebied sal word.